



Vleuels van Gebed

Getuieniskantoor Lynnwoodrif

www.getuienis.co.za

Facebook: Aksie.Getuieniskantoor

Telefoon: 012 365 3959

Februarie 2015

Vry om te bid

Jesaja 40:31 herinner ons:

Maar hulle wat op die Here vertrou, kry altyd weer krag. Hulle word soos 'n arend wat vlieg. Hulle hardloop en word nooit moeg nie. Hulle loop en raak nooit uitgeput nie.

VRY om te bid, kon nie meer gepas wees as ons gemeente se tema vir Februarie saam met Lynnwoodrif se 40ste verjaardag nie. Veertig jaar van uitgespreide vlerke waartydens groot impak gemaak is in God se koninkryk.

Ons sendelinge sal saam kan getuig hoe deur gebed hul roeping van God af bevestig is - soms deur diep donker tye en soms deur jare-lange gesprekke in

gebed. Hul sal getuig hoe hul met versugtinge en smekings voor die Here gebuig het vir rigting, wysheid, insig, bevestiging en in tyd van diepe nood slegs die Here as anker gehad het.

Jesus self het ons leer bid en om in gesprek te tree met die Vader - om eenvoudig by Sy voete te kom sit en net te wees. Hy het ons geleer om volgens God se wil te bid.

Val saam met ons sendelinge vandag op jou knieë neer en ervaar hoe Hy jou hernude krag gee, sodat jy met uitgespreide arendsvlerke sal aanhou om Sy wil uit te voer. Die Heilige Gees sal jou bystaan sodat jou krom woorde en gebroke gedagtes reg voor die Here volgens Sy wil sal wees. Hy ken die intensie van jou hart.

Ons sendelinge bid en wens Lynnwoodrif geluk

Ons sendelinge se gebede vir die gemeente kan in Sergio Rossell se gebed vasgevang word:

"Since we have the same spirit of faith as he had who wrote, "I believe and so I spoke," we too believe and so we speak, knowing that he who raised the Lord Jesus will raise us also with Jesus and bring us with you into his presence. For it is all for your sake, so that as grace extends to more and more people it may increase thanksgiving, to the glory of God." 2 Corinthians 4: 13-15.

We wish you all the same experience of being in His grace, living, breathing, surrounded by His unmerited favour.

Happy Birthday Lynnwood Ridge!

Impak van Sending deur Lynnwoodrif se mense oor jare

Baie dankie aan die insette van George en Corrie Minnaar en Ds. Johan van Schalkwyk. Inligting is ook versamel uit die nuusbriewe van 1997 tot vandag.

Die verjaardag van die gemeente het die Getuieniskantoor laat dink hoe het sending in Lynnwoodrif sy ontstaan gehad.

Wanneer daar met gemeente lede en ook mense wat eens op 'n tyd lidmate by ons was, gesels word, word Lynnwoodrif vereenselwig met 'n visie vir sending. Daar is nie 'n gesprek waarin die impak van Lynnwoodrif op sending asook hul eie geloof nie genoem word nie. Dit is wat ons doen en ook wie ons is.

Hierdie nuusbriewe kan nie die diepte en wydte van Lynnwoodrif se sending impak vasvat nie.

Beginjare

Toe die Gemeente in 1975 gestig is, het Prof Piet Meiring, die eerste leraar van die gemeente, met sy entoesiasme die

grondslag gelê vir Sending. Vir lank is daar toe net een sendeling saam met Skuilkrans ondersteun. Teen ongeveer 1984 was Leon en Gerda van der Merwe die eerste mense wat uit die gemeente self kom aanmeld het vir voltydse sendingwerk. Dit was nog ongewoon in ons kerk. Hulle het later vir jare baanbrekerswerk in die Laeveld gedoen. Hul werk het bekend gestaan as die Laeveld Evangelisasie Aksie. Leon en Gerda van der Merwe is ook die ouers van Ds. Stefan van der Merwe, een van ons sendelinge wat tans in die Oekraïne werk.

Die eerste uitgawe van die gemeente se sending nuusbriewe het in Junie 1997 verskyn. Dit het bekend gestaan as die Gaan Vertel.

In Mei daardie jaar is ons gesin in Indië, as sendelinge geakkrediteer. George Minaar

vertel dat die sendingkommissie, soos hulle bekendgestaan het, baie moeilike vrae aan die egpaar gestel het en aan mekaar moes erken dat hulle nie in die pad van God se roeping vir hulle in Indië kon staan nie. In die nuusbriewe skryf George: "Ons as sendende gemeente betree hiermee 'n hele nuwe sendingveld wat ons verantwoordelijkheid verhoog om hierdie twee mense te ondersteun en by te staan".

Wie was betrokke?

Die eerste sending kommissie het bestaan uit: George en Corrie Minnaar, Leon Holsapfel, Ds. Johan van Schalkwyk, Gerhard Marx, De Wet de Beer, Anton Richter en Jan van der Vyver. Elkeen van hierdie mense het spontaan aangemeld uit die gemeente uit.



Later jare is dit gestruktureer en was Gerhard Marx die eerste Sendingbestuurder gevolg deur Jacobus Verster, Ds Anthonie Welman, Johan Potgieter en vandag Annelize Meyer. Die ondersteunende leraars was Dr. Johan van Schalkwyk, Dr. Jorrie Potgieter en vandag Dr. Chris Malan. Mense soos Louise Beukes, Hannes de Villiers en Jenny Theunnissen was ook indirek betrokke deur mobilisering en ondersteuning.

Wanneer het die groot opbloei begin?

Eers met die aanvang van 'Visie 2000: Christus alles en in almal' wat op 17 Oktober 1988 gelanseer is, is die droom gebore dat as die Heer dit so wil, daar oor 12 jaar later tien voltydse sendelinge sou wees. Die Here het sy seën daarop begin plaas.

Die eerste Fokusfees is ook ongeveer 10 jaar later in Augustus 1998 gehou en deur Rev. Rey Corpuz van die Filippyne aangebied.

Ontstaan van Geloofsoffers

Voordat Geloofsoffers ingestel is, het die kerkraad, volgens George, in die begin jare, 10% van die inkomste van die gemeente uitgehou vir sending aktiwiteite. Die eerste besoek aan die egpaar in Indië, was ook in opdrag van die Kerkraad en befonds uit gemeentefondse.

Presies tien jaar nadat Visie 2000 gelanseer is, in Oktober 1998, is die gedagte van Geloofsoffers in die gemeente ingestel - nog 'n eerste in die NG Kerk familie in daardie tyd. In die Rif Getuie van 1999 skryf Dr. Johan dat "binne een jaar die getal werkers uitgebrei het en is 21 sendelinge en 31 bediening ondersteun vanuit Geloofsoffersfondse".

Oor tyd het die inkomste vir sending ook vanaf Mergon Trust en duisende gemeentede gekom wie se harte en sakke deur die jare wyd oop was.

Sendelinge wat vandag steeds ondersteun word is die gesin in Asië, Stefan en Hensie van der Merwe in Oekraïne, Sergio en Annette Roselle in Spanje, Bennett & Jessica Shunmugan onder Hindoes in Durban, Hannes en Elzaan de Villiers wat regoor Suid Afrika werk, Jacques & Juliette Mbiya in Ga-

Rankuwa, Johnny Ndlovu in die Laeveld - 'n sendeling wat deur Leon van der Mewe opgelei is, André en Anne-Marie Thiart in Mosambiek, Fanie Richter by Petra Kollege, Susan van der Walt by PEN in Pretoria, Gabriel Biende in Chad, Albie en Lizzy Jordaan van JLC in Pretoria en Nico & Alma Leonard in Mamelodi.

Ons prys die Here dat, soos Ds. Johan skryf: *"veral die Koning sy Kerk van hierdie fondse voorsien en steeds getrou is daarin - so lank sy kerk getrou bly!"*

Hoe het sending en sendingversorging in die beginjare gelyk?

Ds. Johan van Schalkwyk skryf: *"Die Here het ons gebede verhoor, en toe die volgende millennium aanbreek, was daar net meer as twaalf voltydse sendelinge in die veld in verskillende lande, wat later gegroei het tot 17".*

Mense soos Annet Hoon, Pieter Brink, De Wet de Beer, Willie Rautenbach, Ds. Hendrik & Corli Pieters, Past. Dawid Ramekosi en ook bedieninge soos Feba Radio, Trans Wêreld Radio, MES Aksie in Johannesburg, Sending aan die Melaatse, World Thrust SA en nog vele meer is op verskeie maniere deur ons gemeente ondersteun.

Geleidelik het Lynnwoodrif ook die eerste gemeente geword wat aan ons sendelinge 'n leefbare salaris, 'n toelaag vir medies, 'n 'kadoutjie' vir behuising wanneer die sendelinge eendag uit die veld sou terugkom huis toe, en nog later ook 'n pensioenskema, probeer voorsien het.

Die ekonomie het mettertyd druk op die voorsiening van die versorging aan ons sendelinge geplaas en kyk die huidige Dagbestuur tans baie kreatief hierna.

Sending en verwante inisiatiewe vanuit Lynnwoodrif



Een van die inisiatiewe was die **Bybel Venter**. Die fokus was eenvoudig die verspreiding van Bybels en gedurende die kerkjaar van 1 April 1996 tot 31

Maart 1997 is daar in die *Gaan Vertel* van Julie 1997 getuig dat daar reeds **6360** Bybels versprei is!

Fondse vir hierdie projek is deur die *"Koop 'n Bybel - Skenk 'n Bybel"* ingesamel. So is Bybels veral gedurende paasaweek by die Kranskop Engen net na die Warmbad afrit op die N1 noord teen 'n gesubsidieerde bedrag van R5 per Bybel verkoop. Dieselfde is Saterdag in Mamelodi herhaal.

Corrie Minnaar getuig van 'n vrou wat eendag in Mamelodi spesiaal van die bus afgeklim het omdat sy die Bybelventer gesien het. Sy het nie eens geld gehad om 'n Bybel te koop nie, maar toe Corrie die Bybel aan haar gee het sy dit styf teen haar hart vasgehou en spontaan begin huil. Sy kon nie glo dat sy haar eie Bybel nou kon lees nie.

Ander inisiatiewe wat deur die sending kommissie en later Getuieniskantoor ondersteun is, was die Lees en Skryf klasse, die Tabitas naaldwerk klasse asook die Advies sentrum wat 'n reuse verskil in waardigheid en welvaart van mense in ons gemeenskap maak.

Dan was daar ook die **Kalahari Uitreik** in die winter van 2007 waaraan 20 gemeentede, wat kinders ingesluit het, deelgeneem het. O.l.v Ds. Paul is daar verskeie komberse, kos, verf, klere, literatuur en toiletware in samewerking met die plaaslike sendeling uitgedeel.

Uitreike deur Getuieniskantoor en sendelinge het plekke soos Nigerië, Madagaskar, Indië, Mosambiek, die Laeveld, Durban en verskeie plekke in Suid Afrika ingesluit. Gemeentede wat hieraan deelgeneem het is óf vandag steeds betrokke by sending en gemeente aktiwiteite óf self sendelinge.

Wat moet ons doen om steeds die Goot opdrag te bevorder?

Die Here gee aan ons elkeen die opdrag: *Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God... (Mat 6:33)*

Dit vra van ons om steeds 'n duidelike visie op die koms van die Koning te hou. Dat ons steeds met 'n brandende hart Jesus se opdrag sal uitvoer. Die tyd raak min, die werk bly baie en die arbeiders is steeds min.

Baie baie dankie Lynnwoodrif vir julle bydrae in sending van toe tot nou! 40 Jaar wat die Here ons gemeente gebruik om 'n verskil, nie net in ons gemeenskap te maak nie, maar regoor Suid Afrika en die wêreld.

Al die eer aan die Here!